# HOËRSKOOL BREDASDORP HIGH SCHOOL

# Nuusbrief Newsletter

22 | 2026
26 | 08 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Vry. 28-Sa. 29 Aug: Tennis: Swellendam-toernooi
Vry. 28 Aug: Sewesrugby afrigtersfunksie (18:00)
Sa. 29 Aug HSB 7's Rugbytoernooi
Sa. 29-So. 30 Aug: Skaak: Wes-Kaap Topskole-byeenkoms (Kaapstad)
Do. 3 Sept: Hartklopperiode

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

3 Sept: Me Ilze Baatjies
4 Sept: Mnr Hardus Lourens (sportterrein)

## ADMIN / ONTVANGS

Ouers, let asseblief daarop dat ons **SLEGS IN 'N NOODGEVAL** 'n leerder uit 'n klas roep. Dit is om te verhoed dat die ander leerders en die onderwyser se onderrigtyd ontwrig word. Ons maak staat op u samewerking.

Parents, please note that we only call a learner out of class in an **EMERGENCY** - to avoid disrupting the other learners and the teacher's teaching time. We rely on your co-operation.

## LIEF EN LEED

- Me Marelise Nelson word Saterdag geopereer en sal tot die einde van die kwartaal met verlof wees. Ons wens haar 'n spoedige herstel toe.
- Mnre Retief en Van Niekerk vertrek Sondag (tot Woensdag) na die hoofdesimposium in Gqeberha.
  Me C du Toit sal as hoof waarneem.

## FONDSINSAMELING

**OVERBERG AGRI/HSB WYN-EN LEEFSTYLVEILING**
HSB se jaarlikse wyn- en leefstylveiling is op Woensdag, 26 Augustus, by Antoinette Events gehou.

Die gaste is met heerlike smulhappies tydens hierdie stylvolle aand bedien. Dit was nie net 'n fondsinsameling nie, maar ook 'n tyd van heerlike samesyn. Baie dankie aan **Overberg Agri** se ruim borgskap wat die spogaand moontlik gemaak het.

'n Mooi bedrag van R250 000 is ingesamel. Die geld word aangewend vir die sportsentrum en die verdere ontwikkeling van sportfasiliteite. Omdat Hoërskool Bredasdorp omgee vir die gemeenskap en sy bejaardes, word R2 000 ook met trots aan Suideroord geskenk.

Baie dankie aan die organiseerder, mnr Thys Kriel, en sy helpers vir 'n heerlike onthou-aand.



## PERSONEEL

Me Ilze Baatjies (RTT-ovoeder) verlaat ons op 4 September. Sy het 'n pos by Agulhas Vaardigheidskool, in Napier, aanvaar. Ons wens haar alle voorspoed toe op haar toekomspad.

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding
-----------------------------
Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication

## KULTUUR

**MALIENKE SE WOORDE OORTUIG**
Malienke van Wyk, gr 11, weet hoe om met woorde te speel om haar gehoor van haar standpunt te oortuig! Sy is as die amptelike wenner van die Wes-Kaap streeksrondte van die Museumredenaarskompetisie aangewys en dring daarmee deur na die Wes-Kaap finaal.

Vyf museums, naamlik Bredasdorp Skeepswrakmuseum, Hawston, Genadendal, Swellendam Drostdy Museum en Caledon Museum, het met 15 kandidate deelgeneem.

In die woorde van die Skeepswrakmuseum: "Her exceptional confidence, eloquence, and captivating delivery distinguished her as a worthy champion."



**TERM THEME**
Be better

# RATEM EISTEDDFOD

Ons leerders skitter op die verhoog! Ons skool neem jaarliks met groot trots aan die RATEM Eisteddfod in Riversdal deel, en vanjaar het ons eisteddfodseisoen op 'n besondere hoogtepunt afgesluit. Leerders van graad 8 tot 12 het op 24 en 25 Augustus aan verskeie items deelgeneem en hulself uitstekend van hul kultuurtaak gekwyt.
Dankie aan elke leerder wat ons skool se kultuurnaam hoog gehou het deur hul talent, toewyding en entoesiasme. Ons is veral trots op ons matrieks wat, te midde van hul rekordeksamen, steeds kans gesien het om aan die RATEM Eisteddfod deel te neem.
Baie geluk aan elke deelnemer – ons is besonder trots op julle!

Spesiale toekennings: Die volgende leerders kry erkenning vir beste item/s gelewer in hul afdeling

1. Malienke van Wyk (Gr.11): English Poem- Medal winner, Skryfkuns: Afrikaanse gedig- Medaljewenner
2. Reese Louw (Gr.12): English Poem- Medal winner
3. Shaylinn October (Gr.12): English Short Story- Medal winner



Die uitslae is as volg:

| | |
|---|---|
| **Afrikaanse Gedigte:**<br><br>1. AJ Naudé (Gr.8): Goud<br>2. Janike van Wyk(Gr.9): Goud<br>3. Jani Brand (Gr.9): Goud<br>4. Leslie-Ann Janse van Rensburg (Gr.10): Goud<br>5. Carla Behmer (Gr11): Silwer<br>6. Malienke van Wyk (Gr.11): Silwer<br>7. Joaddan Daniels (Gr.11): Brons | **English Poems:**<br><br>1. Tylor Green (Gr.8): Bronze<br>2. Trudy-Ann Gainsford (Gr.8): Gold<br>3. Janike van Wyk (Gr.9): Gold<br>4. Amy van Straaten (Gr.10): Bronze<br>5. Malienke van Wyk (Gr.11): Gold +<br>6. Reese Louw (Gr.12): Gold + |
| **Voorbereide- en Onvoorbereide Lees:**<br><br>1. Carla Behmer (Gr.11): Silwer x2 | **Monoloë/Monologues:**<br><br>1. Reese Louw (Gr.12): Goud<br>2. Joaddan Daniels (Gr.11): Silwer |
| **Skryfkuns/Creative writing:**<br><br>1. Malienke van Wyk (Gr.11): Afrikaanse gedig- Goud +, English poem- Gold<br>2. Mila Kriel (Gr.9): Afrikaanse kortverhaal- Goud, English short story- Goud<br>3. Shaylinn October (Gr.12): Afrikaanse kortverhaal- Goud, English short story- Gold + | **Dans/Dance**:<br><br>1. Reneeva Afrika (Gr.8): Jazz solo- Brons<br>2. Sylvia de la Fontaine, Chloe August, Hazel Hendricks (Gr.12): Hip Hop trio- Goud |
| **Musiek/Music:**<br><br>1. Marques Wilskut (Gr.11): Klaviersolo- Goud +<br>2. Vile Macingwane (Gr.12): Solosang- Silwer<br>3. Jody-Ann vd Merwe (Gr.11): Duetsang- Silwer<br>4. Sylvia de la Fontaine (Gr.12): Solosang- Goud | |







## RATEM EISTEDDFOD-DEELNEMERS



Boonste ry vlnr: Marques Wilskut, Carla Behmer, Jani Brand, Amy van Straaten
Middelste ry vlnr: Mila Kriel, Janike van Wyk, Malienke van Wyk, Joaddan Daniels, Tylor Green
Onderste ry vlnr: Kirsten van Coppenhagen (aanlyn dans), Leslie-Ann Janse van Rensburg, AJ Naudé, Reneeva Afrika

**Die matrieks wat aan die Ratem Eisteddfod deelgeneem het:**



*Vile Macingwane*



*Hazel Hendricks*



*Reese Louw*



*Sylvia de la Fontaine*



*Chloe August*

### Malienke se kortverhaal kry weer 'n plek in die kollig: 'n Publikasie in *INSPRAAK 7*



Ons is baie trots op Malienke van Wyk, wie se kortverhaal "Leeuemoed" weer vanjaar vir publikasie in INK Skryf in Afrikaans se bloemlesing, *INKSPRAAK 7,* gekies is!

Malienke het aan die 2026 INKSkryf in Afrikaans-poësie- en skryfkompetisie deelgeneem en het met haar besondere skryfwerk die beoordelaars beïndruk. Haar kortverhaal sal saam met ander uitmuntende Afrikaanse gedigte en kortverhale in die bundel gepubliseer word.

Baie geluk, Malienke! Ons is trots op jou prestasie en sien uit daarna om jou kortverhaal in *INKSPRAAK 7* te lees. Mag jou liefde vir skryf en Afrikaans aanhou groei!

KWARTAALTEMA
Wees beter



Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication



# SPORT

## HOKKIE

Baie geluk aan die volgende BD-hokkiespelers wat in die onderskeie CPL-spanne (Cape Town Premier Hockey League) opgeneem is:

Nina Terblanche, o.18 Raptors – Plate
Zarah Davids, o.16 Raptors – Bowl
Farrah Witbooi, o.16 All Stars – Bowl
Skyla Sefoor, o.16 The Heat – Bowl
Kirsten van Coppenhagen, o.16 All Stars – Plate

Markus van der Walt, o.16 Raiders – Bowl
Caleb Witbooi, o.16 Rapports – Bowl
Darren Temmers, o.16 Royals – Bowl
Aaron Moyo, o.16 All Stars – Bowl
Joël Jepthas, o.16 Royals – Shield
Pieter Terblanche (nog nie 'n span ingedeel nie)

Toernooidatums: O.14: 11-13 September
O.16 & O.18: 18-20 September

## KRIEKET

Baie geluk aan die volgende krieketspelers wat in die Overberg Eaglesspanne opgeneem is.

So.16: Leighton Philips
Justin Bailey
Kurtley Benson

Do.19: Jodi Olivier

Sterkte met jul deelname aan die toernooi.




## SKOPBOKS



Ons is baie trots op Chloe Jooste, gr 9, wat twee silwer medaljes vir onderskeidelik "Lowkick" en "Grappeling" ingepalm het by verlede naweek se Tricore Gevegskuns Kompetisie in Brackenfell. Chloe is 'n lid van die Zenzukia Klub. Baie geluk, Chloe!

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication



# BD'S RUGBY
## LEGACY LOCKERS

Bredasdorp High School is upgrading the **1st Team Rugby Cloakroom**, and creating a **permanent Legacy Locker Wall** to honour BD's 1st Team rugby players.

- **15 numbered, fixed lockers –** One for each playing position
- **Old Boys** can purchase a **personalised nameplate**, permanently mounted inside the locker of the position they played




**ONCE-OFF PAYMENT:**
**PAY ONCE. YOUR NAME STAYS IN THE LOCKER PERMANENTLY.**

- **1 year played** – R300 (once-off)
- **2 years played** – R450 (once-off)
- **3 years played** – R550 (once-off)

**BD's OLD BOYS, THIS IS YOUR CALL.**
Honour your **position**. Take your place. **Leave your legacy.**

**CONTACT MR ROSSOUW: 072 620 8505**

**ONCE A BD – ALWAYS A BD.**
**BUILD THE LEGACY.**

EFFICIENT INSURE
Santam dis nou vryheid
MIDAS
bp KWIK 'n GO
MW
Yvonne Latsky Physiotherapy
Checkers
BILTONGLAND BREDASDORP
CS Crop Solutions
NETCOM
FIBER - WIRELESS - VOIP
RENT TO BUY CARS
VILLET
ikamva
Diesel 50PPM
AJ TYRES
079 469 1751
VIKING
ELIM slaghuis butchery
THEUNS DE BRUIN
KLINIESE SIELKUNDIGE
POSTNET
OVERBERG PRE-OWNED
Langezandt Properties
Intshiba SA
CERAMIC & COFFEE SHOP
JANNIE ENGELBRECHT OPTOMETRIST
Gavin's Trattoria
072 200 5530 - EST 2022 -
ROUX
Voermol
Wat die natuur kort - sal Voermol voorsien
SUIDPUNT SEKURITEIT
HEUNINGBERG MEDICAL
028 424 1101
Drs Barto Saayman & Johann Latsky
ARRIE NEL PHARMACY GROUP
D.K. REFRIGERATION & AIRCONS
moov ENERGY
Wyoming Spur
SPUR
NATION MUSHROOMS
Twin D Tours
ANTOINETTE
SRS
STAR SIGNS
packtown
OVERBERG WEALTH & RISK MANAGEMENT
adelldesigns
JEB CONNECT
AGRIMARK
P & B LIME WORKS
P & B KALKWERKE
PAINTSMITHS
LBF PROKUREURS ATTORNEYS
SEDERT • SINCE 1940
Harcourts Cape Agulhas
KING CHICKEN
MONEY WELL SPENT
ROLA TOYOTA
LMI SKALE / SCALES
InteliGro
intelligent crop solutions
ROLA Ford
Bredasdorp
Tel: 028 425 1463
OJ PLANT HIRE
AFRI POINT PLUMBING & GAS
078 832 6413
OVERBERG SPECIALITY FOODS
bvsa
Meer as net syferst
CHAS EVERITT
INTERNATIONAL PROPERTY GROUP
SINCE 1918
OVERBERG
Build it
Gemini Alu
SUPERSPAR
BREDASDORP


HIS
BREDASDORP
ARBEID ADEL • WORK ENNOBLES
OVERBERG
WEALTH & RISK MANAGEMENT
TROTSE BORG VAN
HOËRSKOOL BREDASDORP
PG GLASS
Santam
BREDASDORP
7s RUGBY
Toernooi
29 AUGUSTUS 2026
SPORT BEGIN 08:00
HEKGELD / TOEGANG R20 PER PERSOON
GLASKASTEEL BREDASDORP
AANGEBIED DEUR
HOËRSKOOL BREDASDORP
SKOLE WAT DEELNEEM:
HOËRSKOOL BREDASDORP
PAARL BOYS HIGH
HOËRSKOOL LANGENHOVEN RIVERSDAL
HOËRSKOOL HERMANUS
HOËR LANDBOUSKOOL OAKDALE
HOËRSKOOL OVERBERG
LANGEBERG SEKONDËR
JAKES GERWEL
HOËRSKOOL MONTANA
HOËRSKOOL ROBERTSON
SNELHEID. PASSIE. SPANWERK.
DIE 7s GEES LEEF!
#BEEPROUD